

Die heelal is 'n kristalbal

Dit is baie waardevol om jou siening van sake op die doel en tydskaal van die skeppingstoneel en skeppingskalender te gooi en te meet. Kyk ons met 'n wyehoeklens na 'n tydroosterskaal ten opsigte van die skepping, laat dit jou duisel in die TYD en die HEELAL van God se skepping. Veronderstel dat die astronomiese tydsverloop van 160 miljoen eeue sedert die skeppingsmôre op 'n skaal van één aardse jaar van 365 dae ingedruk word, kry ons die volgende uitdruk:

- As "in die begin het God..." op Nuwejaarsdag was, is die sonnestelsel teen die tweede helfte van September gevorm.
- Die eerste lewensvorme ontstaan in November.
- Die dinosourusse van die Karoo floreer en verdwyn rondom Kersfees.
- Homo sapiens, die mens, maak sy intrede net-net in die laaste tien minute van Oujaarsnag.
- Ons geboortedatum is minder as duisendstes van sekondes voor middernag Oujaarsnag. Dit laat 'n mens dink.

Seker een van die belangrikste lewenswysede is opgesluit in die versugting en wens wat Paulus uitspreek in sy brief aan die Christene in Efese (3:18): *"Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek."*

'n Mens moet dus die wysheid en beskeidenheid hê om te besef dat jy nie al die wysheid in pag het nie. Daarom moet jy ook vra en luister na die insigte van ander en nie jou eie standpunt kategories en weerbarstig aankondig asof dit die jongste nuus uit die hemel is nie. Bid om dié dinge te onderskei waarop dit werklik aankom (Fil 1:9). Kyk en dink weer!

Dr. P.W. Bingle (Kaapstad)